
| | | |
|---|---|---|
| | Laerskool Herbert Hurd | November 2017 |
| Graad 4 | Afrikaans Eerste Addisionele Taal | Totaal: 40 punte |

- Lees versigtig deur die instruksies.
- Werk netjies.
- Trek 'n lyn na elke afdeling.
- Beantwoord al die vrae.

Lees die onderhoud goed deur en beantwoord dan die vrae in volsinne:

**Luister na die onderhoud.**



*Vraag*: Is jy die kaptein van die span?

**Graeme**: Ja, ek is die kaptein van die onder 12 – krieketspan.

*Vraag*: Hou jy daarvan om kaptein te wees?

**Graeme**: Ja, maar dit is soms ook moeilik.

*Vraag*: Waarom sê jy so?

**Graeme**: Ek moet met my maats praat wat nie na die oefeninge toe kom nie.

*Vraag*: Waarom, dink jy, is jy die kaptein van die span?

**Graeme**: Ek praat maklik met mense. Ek het nog nooit 'n oefening gemis nie. Ek moedig my spanmaats aan.

*Vraag*: Het julle die jaar 'n goeie span?

**Graeme**: Ja, al die lede van die span doen hul bes en ons kom almal goed oor die weg. Ons het ook 'n goeie afrigter. Hy is 'n onderwyser by ons skool.

**span** - team

**moeilik** - difficult

**oefeninge** - practices

**aanmoedig** - encourage

**kom goed oor die weg** - get along well

**afrigter** - coach

**Afdeling A**

**Begripstoets:**


**Beantwoord die volgende vrae.**

1. In watter span speel Graeme? (1)
2. Hoeveel seuns is daar in 'n span? (1)
3. Hou Graeme daarvan om die kaptein te wees? (1)
4. Hoekom is dit soms moeilik om 'n kaptein te wees? (2)
5. Is Graeme op laerskool of op hoërskool? (1)
6. Kies die regte antwoord. Hulle het 'n (goeie ; slegte) afrigter. (1)
7. Hoe oud is Graeme? (1)
8. Wie is die afrigter? (1)
9. Noem twee kenmerke ( characteristics ) van Graeme. (2)

**11 punte**

**Afdeling B**

**Kyk na die volgende prentjie en antwoord dan die vrae.**




**Raai watter sportsoort dit is? Kies een woord uit die blokkies en skryf dit neer.**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| rugby | karate | tennis | krieket | netbal | gholf | sokker | hokkie |

1. Ek speel alleen of in pare. Ek speel met n raket op 'n baan (*court*).
2. Ek speel in 'n span. Ek skop die ronde bal en teken 'n doel (*goal*) in die doelhok aan.

3. Ek slaan 'n klein wit balletjie met 'n lang stok oor groen grasperke. Die bal moet uiteindelik in 'n gat (*hole*) val.
4. Ek speel in 'n span van 15. Ek skop die bal oor die pale (*poles*).
5. Ek speel in 'n span. Ons is sewe meisies. Ek gooi die bal in die net en teken 'n doel aan.
6. Ek speel in 'n span. Ek slaan die bal met 'n krom (*skew*) houtstok.
7. Ek speel in 'n span. Ons slaan 'n bal met 'n kolf (*bat*) en teken lopies aan.
8. Ek dra 'n wit broek, baadjie en ook 'n geel gordel (*belt*). Ek doen .......
9. Watter sport speel jy?

**9 punte**

**TOTAAL: 20 PUNTE**

**Afdeling C:**

**Taal**

A: Skryf die sinne in die **ontkennende vorm**:

1. Ek hou daarvan om sokker te speel.
2. Pieter is die kaptein van die krieket span.

(2)

B: Skryf die sinne oor in die **verlede tyd**:

1. Marie gooi die bal in die net.
2. Ons ry in die bus.

(2)

C: Gee die **meervoud** van die volgende woorde:

1. Ons skool het baie hokkie (spane; spanne).
2. Daar was vier (skole; skolle) wat in die gala deelgeneem het.

(2)

D: Gee die **versamelname** van die volgende:

1. Juffrou gee vir elke kind 'n ----------- **druiwe**.
2. Daar was 'n ------------- **skepe** in die hawe.

(2)

E: Vul die nodige **leestekens** in:

liyabonga en euan woon in port elizabeth Hulle gaan kaapstad toe om sokker te speel teen kinders van ander provinsies

(3)

F: **Gebruik die voegwoorde en verbind die sinne:**

1. Liam speel sokker. Hy speel krieket. (en)
2. Hannah kan baie goed swem. Sy hou ook van hokkie. (maar)

(2)

G: **Vul die nodige voorsetsels in:**

1. Die seuns speel ( in ; op ) die veld.
2. Die spelers oefen ( met; onder ) 'n nuwe bal.

(1)

H: **Skryf die sinne oor in die toekomende tyd:**

1. Elke Maandag speel die meisies 'n netbal wedstryd.
2. Die afrigter oefen met die span.

(2)

I: **Gee die verkleinwoorde vir die volgende woorde:**

1. skoen
2. broek (2)

J: **Diere geluide:**

1. donkie
2. haan (2)

**TOTAAL: 20 PUNTE**

